# Brandwacht
AAN RIVIER

c/o Dorp & Market Street
1st Floor, Black Horse Centre
Posbus 1550 P O Box
Stellenbosch 7599
Tel: (021) 887 1373
Fax: (088-021) 883 9634

**HUISEIENAARSVERENIGING/HOME OWNERS' ASSOCIATION**

## NOTULE VAN DIE DERDE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 5 JUNIE 2014 OM 18:00 TE DOORNBOSCH SAAL, STELLENBOSCH

### 1. VERWELKOMING EN KWORUM

Mnr Bertus de Waal verwelkom die lede tot die vergadering.

'n Kworum is teenwoordig en die vergadering word as behoorlik gekonstitueer verklaar.

### 2. VOORSITTERSVERSLAG

Die Voorsittersverslag word deur die voorsitter, mnr de Waal voorgelees.

### 3. GOEDKEURING VAN VORIGE NOTULE

Die notule gedateer 25 April 2013, word as korrek aanvaar.

### 4. GOEDKEURING VAN FINANSIëLE STATE – 28 FEBRUARIE 2014

Die finansiële state vir die jaar geeindig 28 Februarie 2014 word voorgelê. Na bespreking van die state, word dit goedgekeur.

Die ouditeursverslag en vergoeding betaal aan die ouditeur, word goedgekeur.

### 5. BEGROTING EN HEFFING

Die begroting word voorgelê waarvolgens die heffing bepaal is. Die oorsaak vir die verhoogde heffing, word verduidelik en is deur die lede aanvaar. Die begroting word aanvaar en die verhoogde heffing van R900 wat reeds in werking gestel is, word bekragtig.

### 6. AANSTELLING VAN OUDITEURE

Theron du Plessis word her-aangestel as ouditeure van die HEV vir die komende jaar.

### 7. DOMICILIUM

Die HEV se Domicilium word bepaal as:

1ste Vloer, Black Horse Sentrum
Dorpstraat 56
Stellenbosch, 7600

met posadres Posbus 1550, Stellenbosch, 7599.

**8. SAKE VIR BESPREKING**

Die volgende sake word bespreek en opgedra aan die nuwe komitee vir aandag:

4.1 Interkomstelsel

Die komitee het besluit om die huidige stelsel te staak om die volgende redes:

- Gereelde probleme is ondervind om die stelsel 100% funksioneel te kry.
- Onsekerheid oor die kwaliteit van die bedrading.
- Daar is die moontliheid van wesenlike instandhoudingskoste in die komende jare.
- Die verdere koste per huis vir die aankoop van die interkom.

Dit is egter steeds ‘n vereiste dat die interkom koppeling op bouplanne aangebring moet word. Indien dit in die toekoms blyk wenslik te wees, kan die stelsel weer geïmplementeer word.

Daar word tans van selfoon kommunikasie gebruik gemaak om inwoners in kennis te stel van besoeke. Hierdie proses blyk tans die beste te werk. In die toekoms kan ander stelsels moontlik oorweeg word.

Daar word versoek dat die Trustees ander interkomstelsels ondersoek, sou daar ‘n behoefte wees om die stelsel weer in werking te stel.

4.2 Toepas van argitektoniese riglyne

Gedurende die jaar het die assesserende argitekte verwissel.

Die lede spreek hul kommer uit dat dieselfde interpretasie nie deur die twee groepe Landskapsargitekte gevolg word nie. Dit kan lei tot “afwykings” en ontevredenheid by eienaars.

Die Trustees sal aandag gee hieraan.

**9. VERKIESING VAN TRUSTEE**

Die volgende persone word as verkies as Trustee:

Mnr B de Waal
Mnr C Heys
Mnr B Senekal
Mnr T Smuts
Me D van Graan
Mnr P de Villiers

Goedgekeur en geteken te Stellenbosch op ___ Junie 2015.

_________________
*VOORSITTER*